

7 Julie

Nehemia 9:38-10:39

Geloofsgroei lei tot verbondsvernuwing

God hou vir ewig by sy verbondsbeloftes. Dit is ons wat ons beloftes verbreek. Daarom sal ons weer ons beloftes moet vernuwe. Geloofsgroei gaan gepaard met daaglikse bekering, die wegbreek van sondes en begeerte om in dankbaarheid en gehoorsaamheid voor God te lewe.

Die volk het met 'n hart vol oorgawe hulle weer aan die Here gegee. In 'n plegtige stuk het al die lede van die volk opnuut hul gehoorsaamheid aan die Here bevestig. Elkeen het voor die Here die eed afgelê en die vloek oor hulle uitgeroep indien hulle weer daarvan sou afwyk. Die hou van hul verbondsvernuwing sluit die volgende in: geen huwelike met heidense volke (30), nie meer die Sabbat ontheilig nie (31), hulle sal weer die Sabbatsjaar vier (31), die tempel sal daaglik onderhou word (32-33), brandhout vir die altaar sal gelewer word (34) en hulle sal weer die volle tiende en offers bring (35-39).

Wanneer iemand opnuut weer in 'n lewende verhouding met God lewe, volg die vrugte van stiptelike gehoorsaamheid dadelik. God is die Heilige wat op sy manier gedien wil word. Die Vaderskap van God, die Heerskap van Jesus Christus en die leiding van die Heilige Gees dring die kind van die Here tot volle gehoorsaamheid.

Hoe heilig is ons lewens voor die Heilige God? Hoe dien ek Hom in my huwelik, my Sabbatsheiliging, my offergawes, my beursie en tyd? Ervaar ek die viering van die Nagmaal as 'n hernude verbondsluiting van my kant? Groei ek op die pad van heiligmaking?

Ons Vader, ons prys U vir die bemoeienis wat U in U liefde met ons maak. Ons gee onself weer opnuut ten volle aan U oor. Lei ons op die pad van heiligmaking deur U Woord en Gees.

Sing Psalm 48:1,4, 5

Ds. J.P. van der Walt (Durban)